GEDRAGSKODE EN MERIETESTELSEL

1. OOGMERKE EN BEGINSELS WAAROP DIE GEDRAGSKODE BERUS

Die leerders en hul ouers asook opvoeders van Middelburg Hoërskool verbind hulle tot die volgende beginsels waarop die kode berus:

- Gedissiplineerde gedrag is noodsaaklik vir die welstand van die skool, vir 'n klimaat wat bevorderlik is vir die leerproses en ontwikkeling van leerders asook vir die suksesvolle bereiking van die skool se doelstellings.
- Die kode is gebaseer op opvoedkundige beginsels wat toelaat en as oogmerk het dat die skool as 'n harmonieuse gemeenskap funksioneer.
- Die kode beoog om 'n veilige leeromgewing te vestig wat die nodige sekuriteit teen enige vorm van ontwrigting bied.
- Die kode benadruk die basiese regte van opvoeders om ongehinderd onderrig te voorsien en om 'n ordelike leeromgewing te handhaaf.
- Die kode het ook as oogmerk die bevordering van 'n klimaat van wedersydse respek teenoor elkeen wat by die onderrigproses betrokke is, van selfdissipline en verantwoordelike optrede wat deurgaans van voortreflikheid getuig.
- Die kode verwerp enige optrede of versuim deur enige persoon wat onregmatig inbreuk maak op die relevante basiese regte, soos verskans in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet nr. 108 van 1996), wat veral binne skoolverband en op hierdie kode van toepassing is.
- Dissiplinêre optrede sal deurgaans billik, toepaslik en konsekwent toegepas word. Dit sal primêr op remediërende en korrektiewe optredes gerig wees en nie strafgerig nie.
- Wanneer 'n leerder die skool sonder toestemming verlaat, dra die skool geen verantwoordelikheid vir enige sodanige gevolge wat mag volg nie.

2. WETLIKE ASPEKTE

Alle wetlike bepalings rakende die kode en wangedrag, soos voorgeskryf in die Nasionale en Provinsiale wet asook regulasies daarkragtens uitgevaardig, moet deurgaans deur die skool en elkeen wat met die toepassing daarvan gemoeid is, nagekom word.

3. DEBIETE- EN KREDIETESTELSEL

- Hierdie stelsel begin op die eerste skooldag van die jaar en eindig op die laaste skooldag van dieselfde jaar.
- Daar word vanaf graad 8-12 deurlopend 'n volledige rekord gehou van jou debiete en krediete aangesien dit 'n goeie aanduiding gee van 'n leerder se aanpassingsvermoë binne 'n sosiale- en onderrigsituasie. Dit kan dus jou getuigskrif positief of negatief beïnvloed.
- Gedragsverslae sal maandeliks gedruk en uitgedeel word aan leerders asook per e-pos aan ouers en leerders gestuur word.
- Enige navrae oor inskrywings moet binne twee weke na verslae uitgedeel is, opgevolg word met betrokke personeellid.

4. KLASSIFIKASIE VAN WANGEDRAG EN NEGATIEWE PUNTE AAN WANGEDRAG GEKOPPEL.

KATEGORIE 1: ALGEMENE WANGEDRAG
Die volgende oortredings word as algemene wangedrag beskou:

BESKRYWING	PUNT
Voorkoms slordig	-20
Voorkoms nie volgens skoolreëls	-30
Laat vir skool	-30
Laat vir klas	-20
Gesels tydens opening / in saal	-30
Eet / Drink in klas	-20
Huiswerk onvolledig	-20
Huiswerk nie gedoen / tuis	-30
Taak nie ingegee nie	-30
Handboek / klaswerkboek tuis	-20
Verlaat klas sonder toestemming	-30
Geen samewerking in groepwerk	-30
Gebruik selfoon / oorfone sonder toestemming in klastyd	-30
Toets nie geteken (ouers)	-20
Portefeulje onvolledig (per sperdatum)	-40
Steurnis in klas	-30
Stokkiesdraai - periode / halfdag	-40
Nie in toesigklas	-40
Verontagsaam opdrag van leiers	-30
Rommel strooi	-20
Betree verbode terrein	-20
Span / groep in steek laat	-40
Oneerlik	-30
Afskryf van huiswerk	-30

Kategorie 1 oortredings word deur onderwyser aangemeld op die dissiplinestelsel en leerder kry 'n mondelinge waarskuwing.

KATEGORIE 2: ERNSTIGE WANGEDRAG

'n Leerder sal aan ernstige wangedrag skuldig wees indien hy of sy opsetlik en sonder regverdige verskoning die volgende oortredings begaan:

BESKRYWING	PUNT
Rook / besit van rookgoed - ingesluit "vape", "hubbly", elektroniese sigarette.	-60
Fisiese kontak	-60
Chroniese afwesigheid	-60
Oneerlik in toets / eksamen	-60
Ontwrig klas - verhoed onderrig	-60
Ontwrig enige opening	-60
Stokkiesdraai - heeldag	-60
Verlaat terrein onwettig	-60
Weerhou identiteit	-60
Inlywing van nuwe leerder	-60
Optrede lei tot rassekonflik	-60
Arrogant, onbeskof, ongemanierd optree	-60
Vloek / onwelvoeglike taalgebruik	-60
Beledig / belaster	-60
Boelie / baklei / dreig	-60
Benadeel beeld van skool bv. swak gedrag, voorkoms, ens.	-60
Beskadig of bekrap skooleiendom	-60
Dobbel	-60
Deelname aan protesaksie	-60
Sameswering tot ernstige/uiterste wangedrag	-60
Vervalsing van briewe / handtekening	-60
Bestuur van motor sonder lisensie op skoolterrein	-60
Versuim om detensie, by te woon	-100

KATEGORIE 3: UITERSTE WANGEDRAG:
'n Leerder sal aan uiterste wangedrag skuldig wees indien hy of sy (alhoewel nie daartoe beperk nie) die volgende oortredings begaan:

BESKRYWING
In besit / versprei pornografie
Aanranding
Vandalisme
Besit / gebruik alkohol
Besit / dreig met gevaarlike wapen (SAPD sal onmiddellik in kennis gestel word).
Diefstal
Seksuele teistering
Benadeel skool se beeld in publiek bv. rook, drink, sosiale media
Besit / gebruik / dryf handel in verbode middels, dagga ingesluit. Dwelmtoets mag gedoen word.

Kategorie 3-oortredings word op dissiplinestelsel aangeteken en soos volg hanteer:
- Ouers word onmiddellik ontbied.
- Dissiplinêre verhoor.
- Leerder mag geskors word. Leerder moet steeds assesseringstake doen.

5. ALGEMENE OPTREDE VOLGENS AANTAL NEGATIEWE / DEBIETPUNTE

- Dissiplinêre optredes:

-200	Gesprek	Klasvoog
-400	Detensie en gesprek	Graadhoof
-600	Detensie, gesprek en kontak met ouer(s)	Graadhoof
-800	Detensie, gesprek en eerste skriftelike waarskuwing (stel ouers in kennis)	Graadhoof, dissiplinehoof en adjunkhoof/hoof
-1 100	Detensie, vergadering met ouers en tweede skriftelike waarskuwing	Graadhoof, dissiplinehoof, adjunkhoof/ hoof en vakpersoneel
-1 500	Dissiplinêre verhoor, een week skorsing en finale skriftelike waarskuwing	Graadhoof, dissiplinehoof, adjunkhoof/ hoof en BL
- 2 000	Moontlike uitsetting / geen her-registrasie-vorm vir die volgende akademiese jaar nie	Graadhoof, dissiplinehoof en adjunkhoof/hoof

- Let wel: Slegs negatiewe punte word in aanmerking geneem om detensie en optredes te bepaal, nie netto punte nie.

6. DETENSIEREËLS

- Indien jy nie detensie bywoon sonder geldige verskoning nie word 100 negatiewe punte tot jou rekord toegevoeg.
- As jy enige van die onderstaande reëls verontagsaam, word nog twee ure detensie bygevoeg.
- Matrieks wat twee of meer detensies mis sonder 'n geldige verskoning, kan die matriekafskeid geweier word.
- Detensie geniet voorkeur bo enige ander aktiwiteit.
- Detensie word vir Vrydae (13:15 - 15:15) en Woensdae (13:45-15:45) geskeduleer.
- Sorg dat jy genoeg skoolwerk het vir die ure wat jy moet sit.
- Uitskryf van skoolreëls mag gegee word as deel van die detensie.
- Maak seker jy het alle skryfbehoeftes en toepaslike boeke by jou - leen is teen alle regulasies.
- As al jou geskrewe werk op datum is, mag jy leer.
- Niemand mag slaap nie - jy sal wakker bly en werk.
- Geen pratery word toegelaat nie.
- Jou aandag sal vir die hele sessie 100% op jou eie bank gevestig wees.
- Jy mag niks eet of drink nie.
- Geen selfoon of enige ander elektroniese apparaat mag gebruik word nie, en moet afgeskakel wees.
- Jy mag onder geen omstandighede jou sitplek verlaat nie. Sorg dat jy voor die tyd badkamer toe gaan.
- Jy mag geen vrae vir toesighoudende onderwysers vra nie.
- Jy sal in skooldrag geklee wees.
- Laat meubels en die lokaal in dieselfde netjiese toestand as wat jy dit gekry het.
- Wanneer jou sessie verby is, sal die diensdoenende personeel jou verskoon.

7. ITEMS/OPTREDES WAARVOOR POSITIEWE/KREDIETPUNTE VERWERF KAN WORD.

- Indien 'n leerder geen negatiewe punte in kwartaal 1, 2 of 3 het nie, ontvang hy/sy 100 positiewe punte.
- Meriete afslag op negatiewe punte sal in kwartaal 3 en 4 ingelees word, 20 punte afslag vir elke 100 positiewe punte.
- Hulpverlening by skoolaktiwiteite, bywoning van skoolfunksies met bewys, deelname aan kultuur- en sportaktiwiteite, rapporteer van ernstige oortredings, verbetering in skoolwerk, nougesette werk en akademiese prestasie.

8. MIDDIE 1000

- Met elke 1 000 netto positiewe punte sal daar vir leerders 'n beloning wees.
  1 000: Siwwies op 'n Vrydag en 'n donut
  2 000: Siwwies op 'n Vrydag en pizza
  3 000: Een week siwwies gedurende eindeksamen
- Knopies sal te koop wees aan die einde van die jaar. Middie 3000-toekennings sal met prysuitdeling oorhandig word.